

BUITENGEWONE
OFFISIËLE KOERANT
 VAN SUIDWES-AFRIKA.



OFFICIAL GAZETTE
 EXTRAORDINARY
 OF SOUTH WEST AFRICA.

UITGAWE OP GESAG.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

1/- Dinsdag, 19 Julie 1949. WINDHOEK Tuesday, 19th July, 1949. No. 1438

INHOUD

CONTENTS

	<i>Bladsy</i>		<i>Page.</i>
GOEWERMENSKENNISGEWING—		GOVERNMENT NOTICE—	
No. 197. Ordonnansies 1949: Uitvaardiging van.	2480	No. 197. Ordinances, 1949: Promulgation of.	2480

Goewermentskennisgewing.

Government Notice.

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

The following Government Notice is published for general information.

J. NESER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

J. NESER,
Secretary for South West Africa.

Kantoor van die Administrateur,
 Windhoek.

Administrator's Office,
 Windhoek.

No. 197.] [19 Julie 1949 No. 197.] [19th July, 1949.

ORDONNANSIES, 1949: UITVAARDIGING VAN.

ORDINANCES, 1949: PROMULGATION OF.

Dit het die Administrateur behaag om sy goedkeuring te gee, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van „De Zuidwest-Afrika Konstitusie Wet 1925” (Wet 42 van 1925), aan die volgende Ordonnansies wat hiermee vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:—

His Honour the Administrator has been pleased to assent, in terms of section *thirty-two* of the South West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), to the following Ordinances which are hereby published for general information in terms of section *thirty-four* of the said Act:—

<i>No.</i>	<i>Titel.</i>	<i>Bladsy.</i>	<i>No.</i>	<i>Titel.</i>	<i>Page.</i>
4.	Ongeoutoriseerde Uitgawes (1947-'48) Ordonnansie 1949.	2481	4.	Unauthorized Expenditure (1947-'48) Ordinance, 1949.	2481
6.	Wysigingsordonnansie op die Registrasie van Karakoelstambome 1949.	2481	6.	Karakul Pedigrees Amendment Ordinance, 1949.	2481
9.	Wysigingsordonnansie op die Beheer van die Suiwelnywerheid, 1949.	2482	9.	Dairy Industry Control Amendment Ordinance, 1949.	2482
11.	Middele- (1949-'50) Ordonnansie 1949.	2482	11.	Appropriation (1949-'50) Ordinance, 1949.	2482
13.	Wysigingsordonnansie op Ouderdomspensioene 1949.	2483	13.	Old Age Pensions Amendment Ordinance, 1949.	2483

No. 4 van 1949.]

ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n verdere geldbedrag vir die diens van die Gebied Suidwes-Afrika vir die jaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1948 geëindig het, tot bestryding en dekking van sekere ongemagtigde uitgawes.

(Goedgekeur 6 Julie 1949.)
(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN soos volg:—

1. Die Administrasierekening van die Gebied Suidwes-Afrika word hierby belas met die bedrag van eenduisend-seshonderd-en-vyf pond, veertien sjielings en sewe pennies tot dekking van sekere uitgawes bo en behalwe die bedrag beskikbaar gestel vir die diens van die Gebied Suidwes-Afrika vir die jaar wat op die een-en-dertigste dag van Maart 1948 geëindig het. Hierdie uitgawes word uiteengesit in die Bylae tot hierdie Ordonnansie en word nader omskryf in paragraaf 8, bladsy 10 van die Verslag (aan die Wetgewende Vergadering voorgelê) van die Kontroleur en Ouditeur-Generaal oor die rekenings vir vermelde boekjaar en in die Eerste Verslag van die Gekose Komitee oor Openbare Rekenings 1949.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Ongeoutoriseerde Uitgawes (1947—'48) Ordonnansie 1949.

BYLAE.

Be-grotings-pos.	Titel van Begrotingspos.	Bedrag.
5.	Doeane en Aksyns	£ 19 19 9
7.	Onderwys	114 9 10
12.	Naturellesake	684 12 8
13.	Pensioene en Gratifikasies	707 18 0
15.	Gevangenisse en Verbeteringsgestigte	78 14 4
		<u>£1,605 14 7</u>

No. 6 van 1949.]

ORDONNANSIE

Om die wet betreffende die registrasie van karakoelstambome te wysig.

(Goedgekeur 6 Julie 1949.)
(Afrikaanse teks deur die Administrateur geteken.)

Die Wetgewende Vergadering vir die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN soos volg:—

1. Die onderstaande nuwe artikel word hierby in die Ordonnansie van 1932 op die Registrasie van Karakoelstambome (Ordonnansie 11 van 1932) na artikel vyf ingevoeg:

„Vrystelling van inkomste-belasting. 5 bis. (1) Die inkomste van die vereniging word van inkomstebelasting vrygestel.

(2) Hierdie artikel tree vir die eerste keer in werking ten opsigte van die aanslagjaar eindigende op die dertigste dag van Junie 1949.”

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Registrasie van Karakoelstambome 1949.

No. 4 of 1949.]

ORDINANCE

To apply a further sum of money towards the service of the Territory of South West Africa for the year ended on the 31st day of March, 1948, for the purpose of meeting and covering certain unauthorised expenditure.

(Assented to 6th July, 1949.)
(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. The Administration Account of the Territory of South West Africa is hereby charged with the sum of one thousand six hundred and five pounds, fourteen shillings and seven pence to meet certain expenditure over and above the amount appropriated for the service of the Territory of South West Africa for the year which ended on the thirty-first day of March, 1948. Such expenditure is set forth in the Schedule to this Ordinance and is referred to in paragraph 8, page 10 of the Report (which has been presented to the Legislative Assembly) of the Controller and Auditor-General on the Accounts of the said year and in the First Report of the Select Committee on Public Accounts, 1949.

2. This Ordinance shall be called the Unauthorized Expenditure (1947—'48) Ordinance, 1949.

SCHEDULE.

Vote.	Title of Vote.	Amount
5.	Customs and Excise	£ 19 19 9
7.	Education	114 9 10
12.	Native Affairs	684 12 8
13.	Pensions and Gratuities	707 18 0
15.	Prisons and Reformatories	78 14 4
		<u>£1,605 14 7</u>

No. 6 of 1949.]

ORDINANCE

To amend the law relating to the Registration of Karakul Pedigrees.

(Assented to 6th July, 1949.)
(Afrikaans text signed by the Administrator.)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:—

1. The following new section is hereby inserted in the Registration of Karakul Pedigrees Ordinance, 1932 (Ordinance No. 11 of 1932), after section five:

“Exemption from income tax. 5 bis. (1) The income of the association shall be exempt from income tax.

(2) This section shall first take effect in respect of the year of assessment ending the thirtieth day of June, 1949.”

2. This Ordinance shall be called the Karakul Pedigrees Amendment Ordinance, 1949.